

Titel: Die toestand van my hart
Pastoor: Ross van Niekerk
Datum: 17 April 2011
Tyd: 09h30



Luk 8:5-15

⁵ 'n Saaier het uitgegaan om saad te saai. Met die saai het 'n deel op die pad geval, en dit is vertrap en die voëls het dit opgepik. ⁶ 'n Ander deel het op 'n klipbank geval, en nadat dit opgekom het, het dit verdroog, omdat dit geen vogtigheid gehad het nie. ⁷ Nog 'n ander deel het tussen die onkruid geval, en die onkruid het daarmee saam gegroei en dit laat verstik. ⁸ Daar was ook 'n deel wat in goeie grond geval het, en dit het opgekom en 'n honderdvoudige oes gelewer. ¹¹ Die betekenis van die gelykenis is dit: Die saad is die woord van God. ¹² Dié wat op die pad val, dui op mense wat die woord hoor, maar dan kom die duiwel en neem dit uit hulle harte weg sodat hulle nie tot geloof kom en gered word nie. ¹³ Dié wat op die klipbank val, dui op hulle wat die woord met blydskap aanneem wanneer hulle dit hoor, maar dit skiet nie wortel nie. Hulle geloof hou net 'n tydjie. Die oomblik dat dit op die proef gestel word, gee hulle moed op... ¹⁴ Die saad wat tussen die onkruid val, dui op dié wat die woord hoor, maar deur die sorg en die rykdom en die genietinge van die lewe word dit gaandeweg verstik, en dit skiet nie saad nie. ¹⁵ Die deel wat in goeie grond val, dui op dié wat die woord met 'n goeie en opregte hart hoor en dit bewaar en deur volharding vrug dra.

- **Die toestand van jou hart bepaal of die Woord van God gaan vrug dra.**
- **Hoe maak ek my hart reg om vrug te dra?**

1. harde grond (“verstaan nie” – openbaring)



Matt 13:19

Die Bose kom by elkeen wat die woord van die koninkryk hoor maar dit nie verstaan nie, en vat dan weg wat in sy hart gesaai is. Dit is hy by wie daar op die pad gesaai is.

- **gebed (Eff 1:17-18; 2 Tim 2:7)**
- **studeer (Esra 7:10; 2 Tim 2:15)**
- **oordink (Psalm 1:3; 1 Tim 4:15)**
- **memoriseer (Psalm 119:11)**
- **pas toe (Mat 7:24; Jak 1:22-24)**

Psalm 1:2

...sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.

2. Rotsagtige grond (“skiet nie wortel” – onbekeerd)



Luk 8:13

Dié wat op die klipbank val, dui op hulle wat die woord met blydschap aanneem wanneer hulle dit hoor, maar dit skiet nie wortel nie. Hulle geloof hou net 'n tydjie. Die oomblik dat dit op die proef gestel word, gee hulle moed op.

Matt 13:21

...“verdrukking en vervolging”...

- **gebed** (Psalm 119:176)
- **afsondering** (Luk 4:1)
- **vas** (Psalm 35:13; Mat 16:16; 1Pet 5:6)
- **oordenking** (Psalm 1:3; 1 Tim 4:15)
- **aanbidding** (Psa 103:1-5)
- **woordstudie** : karakter van God.

Psalm 119:176

Ek het gedwaal soos ‘n verlore skaap; soek u kneg, want u gebooie vergeet ek nie.

3. onkruid grond (sorge, rykdom, genietinge)



Luk 8:14

Die saad wat tussen die onkruid val, dui op dié wat die woord hoor, maar deur die sorge en die rykdom en die genietinge van die lewe word dit gaandeweg verstik, en dit skiet nie saad nie.

a) **sorge**

- **gebed (1 Pet 5:7) + afsondering**
- **danksegging (Psalm 103:2-5; Fil 4:6-8)**
- **woordstudie : getrouheid, voorsiening en ingryping van God**

1 Pet 5:7

Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle.

b) **rykdom**

- **danksegging (Jak 1:17; Psalm 103:2-5)**
- **vrygewigheid (1 Tim 6:17-19)**
- **woordstudie : tevredenheid, doelgeridheid, ewigheidsperspektief**

1 Tim 6:18

[rykes] moet goed doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, ...ewige skat weglê...

c) **genietinge**

- **lofprijsing**
- **vas + afsondering**
- **diensbaarheid**
- **woordstudie: God se karakter en eenskappe, ewigheidsperspektief**

Psalm 37:4

Verlustig jou in die HERE; dan sal Hy jou gee die begeertes van jou hart.

4. Goeie grond (opregtheid, volharding)



Luk 8:15

Die deel wat in goeie grond val, dui op dié wat die woord met 'n goeie en opregte hart hoor en dit bewaar en deur volharding vrug dra.